

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 01 November 2020**

1. VOTUM

Ek sien na U op, U wat uit die hemel heers.

²Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar,
soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares,
so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm.

³Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons!

2. SEËNGROET

Aan die gemeente van God en aan almal wat aan die Here behoort:

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

3. LOFLIED: DIE LIEFDE VAN JESUS IS WONDERBAAR

Die liefde van Jesus is wonderbaar, wonderbaar, wonderbaar

Die liefde van Jesus is wonderbaar, wonderbaar vir my

Kom ons verheerlik Sy Naam, kom ons verheerlik Sy Naam

Die mense verander maar Jesus nooit, kom ons verheerlik Sy Naam,

Dat Hy my gered het is wonderbaar, wonderbaar, wonderbaar

Dat Hy my gered het is wonderbaar, wonderbaar vir my

Kom ons verheerlik Sy Naam, kom ons verheerlik Sy Naam

Die mense verander maar Jesus nooit, kom ons verheerlik Sy Naam

4. SKRIFLESING EN GEBED.

Teks. 1 Petrus 4:7 en 2 Petrus 3:3-15

Tema. "D-dag" is oppad! (Daar kom 'n einde aan alles)



Inleidend

- Petrus kom nou by die klimaks van sy brief uit. Hy het die verskillende aspekte van lyding en die kruisdood van Christus hanteer.
- Hy het na hulle identiteit as gelowiges verwys en dat hulle nie in vrees vir mense hoef te leef nie.
- Hulle kan met mense praat oor die hoop wat in hulle harte leef.
- Nou kom hy by die fokuspunt: onthou, die einde van alles is naby.

Die Dag van die Here

Petrus verwys na die einde van alle dinge as die “Dag van die Here”, wat vir die Jode ‘n baie bekende begrip is. In die klein profete word gereeld na die “Dag van die Here” verwys. Die “Dag van die Here” word verbind met die einde van ‘n era wat met vuur gepaard gaan. Ons praat vanoggend oor Petrus se perspektief op die einde van alles: die Dag van die Here!

A. DIE DAG VAN DIE HERE: DIE EINDE VAN ‘N ERA

Petrus verwys na twee generasies, die generasie van Noag en die generasie van “vandag”, wat na die huidige generasie verwys. Die een generasie het deur ‘n watervloed tot ‘n einde gekom en die huidige generasie gaan deur vuur tot ‘n einde kom.

1. Die einde van die antieke era: water. (2 Petrus 3:5,6)

Petrus skryf dat die generasie van Noag deur die woord van God vir die water bewaar is. Die generasie van Noag is deur water oorstroom en het so tot sy einde gekom. Die sondvloed, wat in talle beskawings opgeskryf is, was die einde van ‘n era, maar ook die begin van ‘n nuwe era, wat deur Noag en sy seuns ingelei is.

2. Die einde van die huidige era: vuur. (2 Petrus 3:7, 12)

Petrus skryf dat die hemel en die aarde van “vandag” bestem is en bewaar word vir die vuur. God hou die hemel en die aarde deur Sy woord instand tot die “Dag van die Here” aanbreek waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg gaan word. (Grieks: the termination of something by causing so much damage to it that it cannot be repaired or no longer exists).



- **Hemel (sky).** Op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn (Grieks: the whole world shall hear a rumbling of thunder and a mighty roar; the rushing of wind)
- **Hemelligame (atome).** Die elemente sal wegsmelt van die hitte van die vuur. Die hemelligame sal brand en tot niet gaan (Grieks: the materials of which the world and the universe were composed off will be dissolved in the heat).
- **Bewoonbare aarde.** Die aarde met alles wat daarop is, sal vergaan.

3. God se tydskaal met die aanbreek van die “Dag van die Here”. (2 Petrus 3:8,9 en Psalm 90:4)

In die tyd van Petrus was daar valse leraars wat beweer het dat daar nie so iets soos die “Dag van die Here” is nie en ander het beweer dat God hierdie Dag uitstel. Petrus antwoord hierdie leraars deur hulle op God se tydskaal te wys:

- **Tydskaal.** Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so.
- **Psalm 90:4,5**
“Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag. ⁵U maak 'n einde aan 'n mens, hy gaan die doodslaap in. Hy is soos gras wat in die môre afgesny word”.
- **Seisoen van genade.** Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.
- **Onverwags.** Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. (2 Petrus 3: 10)

4. Dit einde breek aan!

Met die aanbreek van die “Dag van die Here” gaan daar 'n einde gemaak word aan die hemel (sky), die hemelligame (atome) en die bewoonbare aarde. Hiermee saam breek ook die oordeel oor die goddelose mense aan:

- **Dag van rekenskap.** Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel. (1 Petrus 4:5)
- **Veroordeel.** Op die “Dag van die Here” sal die goddelose mense veroordeel en verdelg word. (2 Petrus 3:7)



B. DIE DAG VAN DIE HERE: DIE BEGIN VAN 'N NUWE ERA

Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe: (2 Petrus 3:11)

1. Leef in die verwagting dat die dag van vuur op hande is. (2 Petrus 3:12)

Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt.

2. Leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en aarde. (2 Petrus 3:13)

Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

3. Leef in die verwagting van die aanbreek van die feestelike Christusryk. (2 Petrus 1:10,11)

Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. ¹¹En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

4. Leef met 'n lewende hoop. (1 Petrus 1:4)

Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

5. Leef met sekerheid. (1 Petrus 1:5)

En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

C. LEEF GEFOKUS OP DIE DAG VAN DIE HERE

1. Jou persoonlike lewe. (2 Petrus 3:14)

Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe.

2. Maak optimale gebruik van God se tydskaal en geduld: seisoen van genade!

- En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. (2 Petrus 3:14,15)



- Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. (2 Petrus 3:8,9 en Psalm 90:4)

3. Daar is mense wat hulle fokus op die Dag van die Here verloor het. (2 Petrus 3:3,4)

Daar is mense wat nie die Dag van Here verwag nie:

“Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot ⁴en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms?”

SAMEVATTEND.

Petrus skryf dat die einde van alle dinge naby is (1 Petrus 4:7). Omdat die einde van alle dinge op hande is, moet gelowiges met ‘n wederkomsverwagting leef. ‘n Wederkomsverwagting het ‘n groot invloed oor hoe ons daaglikse lewe en hoe ons swaarkry en leiding hanteer. Niks in die lewe is finaal of permanent nie. Alles gaan tot ‘n einde kom en dan breek ‘n nuwe, feestelike toekoms aan.

5. SLOTLIED: U IS DIE LIG WAT HELDER SKYN

U is die Lig wat in die donker skyn
 U is die een wat duisternis laat verdwyn
 Skyn in ons harte, dryf die donker uot
 Skyn in ons lewens tot in ewigheid

Jesus, Christus, ons glo in U, ons buig voor U neer, buig voor U neer
 Jesus, Christus, ons God en Heer, ons bring nou aan U die eer.

U is oorwinnaar, U't die dood verslaan
 U het as Koning uit die graf gegaan
 Breek nou die bande, gooi die boeie neer.
 Ons is oorwinnaars saam met U, ons Heer.



6. SEËNBEDE

“Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!”

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

IRISH BLESSING

May the Lord rise to meet you,
may the wind be always on your back
and may the sun shine warm up on your face
Until we meet again,
until we meet again
May God hold you, in the palm of His hand,
in the palm of His hand

May God be with you and bless you,
may the hand of a friend be always near
may true be the hearts that love you
Until we meet again,
until we meet again
May God hold you, in the palm of His hand,
in the palm of His hand.

